



HUISKERKLITURGIE

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR

TUINEDAL
huisgesin van God

Sondag, 21 Februarie 2021

Jeremia 31: 31-33 (Jesus – die nuwe verbond)

1ste Sondag in Lydenstyd

LENT
WALKING WITH CHRIST

- ✓ As jy alleen is, maak gebruik van sosiale media of WhatsApp calls, Telegram of Zoom en doen dit saam met 'n geliefde.
- ✓ Vergader op 'n gemaklike plek waar julle nie gesteur kan word nie.
- ✓ Stel jou selfoon sodat jy nie gepla word nie.
- ✓ Sorg dat 'n **stuk papier en pen** byderhand is indien jy notas wil maak.
- ✓ Steek 'n kers aan as simbool van God se teenwoordigheid

Ons ontmoet God

- ✓ Raak vir 'n oomblik stil en fokus jou gedagtes op die ontmoeting.
- ✓ Laat iemand 'n gebed doen om God se teenwoordigheid te vier.
- ✓ Groet mekaar met hierdie woorde: **“Die Lig van die wêreld is ook die Lig vir jou lewe! Vrede vir jou van ons Here Jesus Christus.”**

Ons ontmoet mekaar

Daar is vanoggend vir die eerste keer sedert vroeg in Desember weer 'n erediens in Tuinedal se kerkgebou. Ons het baie om voor dankbaar te wees en daarom sal die erediens 'n feestelike aard inneem. Ons gaan nagmaal vier, BAIE sing en met Woord en gebed uiting gee aan ons verlange na God en geloofsgemeenskap met mekaar. Ek lees die afgelope week die volgende oor die aard van Lydenstyd:

Lydenstyd het in die vierde eeu na Christus ontstaan en is die 40 weksdae wat begin op Aswoensdag en sy dieptepunt bereik tydens Groot Lydensweek, Goeie Vrydag en Paassondag

*Lydenstyd was oorspronklik die voorbereidingstyd vir volwassenes wat op Paassondag, deur die doop, by die gemeenskap van gelowiges ingelyf word. In die lig hiervan was dit 'n **tyd van gefokusde Bybelstudie en gebed**. Aangesien nuwe lede binne die gemeenskap van gelowiges ontvang sou word, is die hele gemeenskap*

opgeroep tot voorbereiding. Ook die lede wat van die kerk afgesny is, het in hierdie tyd voorberei om weer deel van die gemeenskap te raak.

Lydenstyd word ook tradisioneel **gekenmerk deur verootmoedigende gebed, vas en versorging van die armes**. Verskeie kerke moedig steeds een of ander vorm van vas aan. Dit behels gewoonlik die prysgee van byvoorbeeld vleis, alkohol, lekkers, koffie en verskeie ander kossoorte, soms ook die prysgee van ander luukshede soos die gebruik van 'n "i-pad" of selfoon. Ander tradisies plaas weer nie so baie klem op vas nie, maar **fokus meer op barmhartigheidswerk, deur veral diegene in fisieke nood met kos en klere by te staan**.

Lydenstyd is die voorbereiding en aanloop tot die viering van Christus se verlossingswerk aan die kruis en die nuwe lewe wat deur sy opstanding moontlik gemaak is. Dit alles vind plaas teen die agtergrond van individue se verlange om God se genadige verlossing in hulle eie lewe sowel as in die wêreld te sien verwerklik.

In die lig van bogenoemde word Lydenstyd gesien as **'n tyd van gestrooptheid en eenvoud waar elke Christen op hul persoonlike verhouding met God fokus**. Dit is ook die tyd waarin Christene spesifiek terugdink aan hulle eie doop wat in die teken staan van Christus se afwassing van ons sonde deur sy kruisdood en die nuwe lewe wat aan ons geskenk word in en deur sy opstanding.

Lydenstyd word vandag nog steeds gekenmerk as 'n tyd van gebed en voorbereiding vir die viering van Paasfees. Aangesien elke Sondag die opstanding van Christus vier, word die ses Sondae gedurende Lydenstyd nie getel as deel van die 40 dae van Lydenstyd nie. Daarom word dit die Sondae in Lydenstyd genoem.

Lydenstyd roep Christene op tot introspeksie, selfondersoek en bekering.

[Luister na Ds Pieter se voice note op verskillende platvorms \(WA 0614703626 & www.tuinedal.co.za\)](http://www.tuinedal.co.za)

Ons lees die Woord (Jeremia 31:31-33)

Laat iemand die teks voorlees. Ek het die '83-vertaling gebruik vir vandag se boodskap

'n Hoopvolle aankondiging

Ons teks begin met 'n hoopvolle aankondiging van die Here, gerig aan Israel en Juda (v31). Op hierdie stadium is die Here se volk verwoes en verstrooi

Hulle het God se onderwysing, die Tora, nie gehoorsaam nie. Hulle het hulle verantwoordelikheid in God se genadige verbond nie nagekom nie.

God neem die inisiatief. Hy begin met die verbondsvolk praat. Die Here sê daar kom 'n tyd dat Hy 'n **nuwe verbond** met die volk gaan sluit.

Wat is anders aan hierdie nuwe verbond? Die nuutheid is: "Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagtes vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees." (33).

Dit gebeur nadat die Here vergifnis gee: "*Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie*" (34).

Israel was gewoonte oortreders: vanweë die sonde van Israel, vind ons verskeie geleenthede in die Ou Testament waartydens God sy verbond met sy volk moes hernu. Só lees ons van sulke verbondsvernuwings by Moses (Eks 34), Josua (Jos 23-24), Samuel (1 Sam 12) en Hiskia (2 Kron. 29-31).

Hoe is dit nou anders?

In Jer. 31:31-34 gaan dit egter om meer as 'n verbondsvernuwing soos die geval met bogenoemde voorbeelde. Dit gaan daaroor dat die Here sy wet op 'n nuwe wyse aan sy volk kom gee het. **Die wet word dus nou verinnerlik.**

Danksy die transformasie van die volk se harte en gedagtes, sal hulle nie meer uit vrees of dwang die Here dien nie. God sal sy bepalings op hulle gedagtes en hulle harte skryf. Die gevolg hiervan sal dramaties wees.

Walter Brueggemann skryf hieroor:

Obeying will be as normal and as readily accepted as breathing and eating. . . . All inclination to resist, refuse, or disobey will have evaporated.

Uit 'n ander hoek gevra: Wie is die nuwe verbond?

Hierdie nuwe verbond eers aangebreek met die opstanding van Jesus en die uitstorting van die Heilige Gees in die harte van gelowiges. Dit gebeur toe God ons in Christus met homself versoen.. Hy het op 'n baie diep intieme vlak met ons begin bemoeienis maak

God gryp in en neem die inisiatief!

God se inisiatief

Lydenstyd beklemtoon die inisiatief wat God neem om ons te verlos. Dit lê ons eie onvermoë, ons ongehoorsaamheid, en ons ellende bloot. Dit ontbloot ook God se trou aan ons.

Jesus is God se inisiatief. Jesus is die nuwe verbond

- God se woord is nou op ons harte geskryf.
- Die bose is oorwin.
- Die rug van ongehoorsaamheid is gebreek.
- Ons kan die Here nou vrylik dien, klein en groot.
- Ons oortredings is vergewe en
- die nuwe lewe is 'n werklikheid.

Ons luister saam

Luister na die Gospelgroep Casting Crowns se Lydenstydlied by:

(<https://www.youtube.com/watch?v=3rT8Re1EIQc>)

Ons Leef en Doen

Lydenstyd is die tyd van aflegging (*selfondersoek, skuldbelydenis, vas, berou, bekering, sterwe*).

- In die gees hiervan lees die volgende gedig biddend:

Berei my hart, deurboor my oor
as u dienaar tot my spreek
dat ek in my siel U stem kan hoor
wat my hart kan smelt en breek

Maak my verstandig en aandagtig
dat my geloof U Woord ontvang
Bewerk dit deur U Gees so kragtig
dat my siel vir ewig aan U hang.
(*gebed van Wolterus ter Burgh -1645*)



- Waarvan moet jy gestroop word en wat wil jy vereenvoudig sodat jy kan fokus op jou verhouding met God?
- Wat gaan jy doen om by die nood van armes betrokke te raak?

Ons bid vir mekaar

Maak gebruik van die gebedsversoeke in ons Bulletin. Laat elkeen 'n versoek kies en bid dan daarvoor.

Seën

Geliefdes van die Here

Hy **sal** in hierdie week

- julle seën en beskerm;
- tot julle redding verskyn en genadig wees;
- die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!